# NASIENRIGLYNE

| EKSAMEN | NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT |
|---|---|
| **GRAAD** | 12 |
| **DATUM** | MEI/JUNIE 2025 |
| **VAK** | GESKIEDENIS |
| **VRAESTEL** | 2 |
| **PUNTETOTAAL** | 150 |
| **TYDSDUUR (URE)** | 3 |
| **AANTAL BLADSYE** | 26 |

SACAI

SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE

SUID-AFRIKAANSE KOMPREHENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT

| FINAAL GOEGEKEURDE NASIENRIGLYNE | |
|---|---|
| **VERGADERINGDATUM** | |
| **UMALUSI MODERATOR** | |
| **HOOFNASIENER** | |
| **INTERNE MODERATOR** | |

## 1. BRONGEBASEERDE VRAE

### 1.1 Die volgende kognitiewe vlakke is gebruik om brongebaseerde vrae te ontwikkel:

| KOGNITIEWE VLAKKE | HISTORIESE VAARDIGHEDE | BELADING VAN VRAE |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Onttrek bewyse uit bronne<br>• Seleksie en organisering van relevante inligting uit bronne<br>• Definieer historiese konsepte/terme | 30% (15) |
| **VLAK 2** | • Interpretasie van bewyse uit bronne<br>• Verduidelik inligting wat uit bronne versamel is<br>• Ontleed bewyse uit bronne | 40% (20) |
| **VLAK 3** | • Interpreteer en evalueer bewyse uit bronne<br>• Skakel met bronne om hul bruikbaarheid, betroubaarheid, vooroordeel en beperkings te bepaal<br>• Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe wat in bronne aangebied word en maak onafhanklike gevolgtrekkings | 30% (15) |

### 1.2 Die inligting hieronder dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:

- By die nasien van brongebaseerde vrae moet krediet gegee word aan enige ander geldige en relevante standpunte, argumente, bewyse en/of voorbeelde.
- By die toekenning van punte moet klem gelê word op hoe die vereistes van die vraag aangespreek is.
- In die nasienriglyn word die vereistes van die vraag (vaardighede wat aangespreek moet word) asook die vlak van die vraag in kursief aangedui.

### 1.3 Assesseringsprosedures vir brongebaseerde vrae

- Gebruik ’n regmerkie (√) vir elke korrekte antwoord.
- Gee aandag aan die punteskema bv. (2 x 2) wat na twee redes vertaal en elk twee punte kry (√√√√); (1 x 2) wat na een rede vertaal en twee punte kry (√√).
- As ’n vraag 4 punte dra, dui dan aan deur 4 regmerkies te plaas (✓✓✓✓).

### 1.4 By die nasien van vrae oor ondersteuning/ooreenkomste kan die antwoord wees:

- Dit wys / Dit dui aan / Beide bronne ...
- Maar in gevalle van verskille tussen bronne, <u>moet</u> die antwoord wees: In bron A …, maar in bron B …

© SACAI KOPIEREG

## 1.5 PARAGRAAFVRAAG

Paragrawe moet globaal (holisties) geassesseer word. Beide die inhoud en struktuur van die paragraaf moet in ag geneem word wanneer 'n punt toegeken word. Die volgende stappe moet gebruik word wanneer 'n antwoord op 'n paragraafvraag geassesseer word:

- Lees die paragraaf en plaas 'n kolpunt (●) by elke punt in die teks waar die kandidaat relevante bewyse gebruik het om die vraag aan te spreek.
- Lees weer die paragraaf om te evalueer tot watter mate die kandidaat relevante bewyse kon gebruik om 'n paragraaf te skryf.
- Dui aan die einde van die paragraaf die regmerkies (√) wat aan die kandidaat vir die paragraaf toegeken is asook die vlak (1, 2 of 3), soos aangedui in die holistiese rubriek en 'n kort opmerking, bv.

  ______________●_____________________●________________________

  _____________________●__________________________●____________

  _________________________●___________________________●

  ✓✓✓✓

  Vlak 2

- Meestal relevante bewyse is gebruik om 'n basiese paragraaf te skryf.

  Tel al die regmerkies vir die brongebaseerde vraag en skryf dan die punt in die regterkantste kantlyn onder, bv. $\frac{32}{50}$

- Maak seker dat die totale punt akkuraat na die voor-/agterblad van die antwoordskrif oorgedra word.

## 2. OPSTELVRAE

### 2.1 Die opstelvrae vereis van kandidate om:

- In staat te wees om hul argument op 'n logiese en samehangende wyse te struktureer. Hulle moet die relevante inligting selekteer, organiseer en verbind sodat hulle 'n redelike volgorde van feite, of 'n doeltreffende argument kan aanbied om die gestelde vraag te beantwoord. Dit is noodsaaklik dat 'n opstel 'n inleiding, 'n samehangende en gebalanseerde versameling bewyse, en 'n gevolgtrekking/afronding het.

© SACAI KOPIEREG

**2.2 Nasien van opstelvrae**

- Nasieners moet bewus wees dat die inhoud van die antwoord gelei sal word deur die handboeke wat by die sentrum gebruik word.
- Kandidate mag enige ander relevante inleiding en/of slot hê as dié wat in ’n spesifieke opstelnasienriglyn vir ’n spesifieke opstel ingesluit is.
- Wanneer oopeinde-brongebaseerde vrae geassesseer word, moet kandidate krediet kry vir enige ander relevante antwoorde.

**2.3 Globale assessering van die opstel**

Die opstel sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die onderwyser die algehele produk moet punte gee, sonder om die samestellende dele afsonderlik aan te teken. Hierdie benadering moedig die kandidaat aan om ’n individuele mening te gee deur geselekteerde feitelike bewyse te gebruik om ’n argument te ondersteun. Daar sal nie van die kandidaat verwag word om bloot “feite” te herhaal om ’n hoë punt te behaal nie. Hierdie benadering ontmoedig kandidate om “model”-antwoorde voor te berei en dit weer te gee sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van die opstel gee krediet aan kandidate se menings wat deur bewyse ondersteun word. Holistiese assessering, anders as inhoudgebaseerde nasien, penaliseer nie taalontoereikendheid nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die konstruksie van ’n argument
- Die toepaslike keuse van feitelike bewyse om so ’n argument te ondersteun
- Die kandidaat se interpretasie van die vraag

**2.4 Assesseringsprosedures van die opstel**

2.4.1 Hou die sinopsis/oorsig in gedagte wanneer die opstel geassesseer word.

2.4.2 Tydens die eerste lees van die opstel moet regmerkies toegeken word vir ’n relevante inleiding (aangedui met ’n kolpunt in die nasienriglyn/memorandum), elk van die hoofpunte/-aspekte wat behoorlik gekontekstualiseer is (ook aangedui deur kolpunte in die nasienriglyn/memorandum) en ’n relevante gevolgtrekking/afronding (aangedui deur ’n kolpunt in die nasienriglyn/memorandum), bv. in ’n antwoord waar daar 5 hoofpunte is, sal daar 7 regmerkies wees.

2.4.3 Die volgende bykomende simbole kan ook gebruik word:

- Inleiding, hoofaspekte en slot nie behoorlik gekontekstualiseer nie ^

| | |
|---|---|
| • Verkeerde stelling | _________ |
| • Irrelevante stelling | \| |
| | \| |
| | \| |
| • Herhaling | R |
| • Analise | A√ |
| • Interpretasie | I√ |

## 2.5 Die matriks

2.5.1 Gebruik van die matriks in die nasien van opstelle

By die nasien van opstelle moet die kriteria soos verskaf op die matriks gebruik word.

Let op die inhoud en aanbieding wanneer u die opstel assesseer. By die snypunt van die inhoud en aanbieding gebaseer op die sewe bevoegdheidsvlakke, moet 'n punt toegeken word.

(a) Die eerste lees van die opstel sal wees om te bepaal tot watter mate die hoofaspekte gedek is en om die **inhoudvlak** (op die matriks) toe te ken.

| | | |
|---|---|---|
| C | VLAK 4 | |
| | | |

(b) Die tweede lees van die opstel sal verband hou met die vlak (op die matriks) van **aanbieding**.

| | | |
|---|---|---|
| C | VLAK 4 | |
| P | VLAK 3 | |

(c) Ken 'n algehele punt toe met die gebruik van die matriks.

| | | |
|---|---|---|
| C | VLAK 4 | }26–27 |
| P | VLAK 3 | |

# GLOBALE ASSESSERING VAN OPSTELLE: TOTALE PUNTE: [50]

| AANBIEDING → <br> INHOUD ↓ | **VLAK 7** <br> Baie goed beplan en gestruktureer Goeie sintese van inligting. Het 'n oorspronklike, goed gebalanseerde en onafhanklike argumentasie met die gebruik van bewyse ontwikkel, die argument deurgaans volgehou en verdedig. Onafhanklike gevolgtrekkings word gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | **VLAK 6** <br> Baie goed beplande en gestruktureer-de opstel. Het 'n relevante argumentasiel 'n ontwikkel. Gebruik bewyse om die argument te verdedig. Pogings om 'n onafhanklike gevolgtrekking uit die getuienis te maak om die argument te ondersteun. | **VLAK 5** <br> Goed beplande en gestruktureerde opstel. Pogings om 'n duidelike argument te ontwikkel. Gevolgtrekking gemaak uit die getuienis om die argument te ondersteun. | **VLAK 4** <br> Het 'n argument beplan en saamgestel. Bewyse word tot 'n mate gebruik om die argument te ondersteun. Gevolgtrekkings bereik op grond van bewyse. | **VLAK 3** <br> Toon 'n paar bewyse van 'n beplande en gekonstrueerde argument. Pogings om 'n argument te handhaaf. Gevolgtrekkings nie duidelik deur bewyse ondersteun nie. | **VLAK 2** <br> Pogings om 'n antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend, of 'n poging om 'n argument te ontwikkel. Geen poging om 'n gevolgtrekking te maak nie. | **VLAK 1** <br> Min of geen poging om die opstel te struktureer nie. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **VLAK 7** <br> Vraag is volledig beantwoord. Inhoudseleksie ten volle relevant tot die argument. | 47–50 | 43–46 | | | | | |
| **VLAK 6** <br> Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie relevant tot die argumentasielyn. | 43–46 | 40–42 | 38–39 | | | | |
| **VLAK 5** <br> Vraag in 'n groot mate beantwoord. Inhoud voldoende gedek en relevant. | 38–39 | 36–37 | 34–35 | 30–33 | 28–29 | | |
| **VLAK 4** <br> Vraag is herkenbaar in antwoord. Sommige weglatings of irrelevante inhoudseleksie. | | | 30–33 | 28–29 | 26–27 | | |
| **VLAK 3** <br> Inhoudseleksie hou wel verband met die vraag, maar beantwoord dit nie, of hou nie altyd verband met die vraag nie. Weglatings in dekking. | | | | 26–27 | 24–25 | 20–23 | |
| **VLAK 2** <br> Vraag onvoldoende aangespreek. Skraal inhoud. | | | | | 20–23 | 18–19 | 14–17 |
| **VLAK 1** <br> Vraag onvoldoende aangespreek of glad nie. Onvoldoende of irrelevante inhoud. | | | | | | 14–17 | 0–13 |

*** Riglyne vir die toekenning van 'n punt vir VLAK 1.**

- Vraag glad nie aangespreek nie / totaal irrelevante inhoud; geen poging om opstel te struktureer nie = 0
- Vraag sluit basiese en algemeen irrelevante inligting in; geen poging om die opstel te struktureer nie = 1–6
- Vraag onvoldoende aangespreek en vaag; geen poging om die opstel te struktureer nie = 7–13

| | VLAK 1 | VLAK 2 | VLAK 3 |
|---|---|---|---|
| | **Onttrek bewyse uit bronne. Seleksie en organisering van relevante inligting uit bronne. Definieer historiese konsepte.** | **Interpretasie. Verstaan bron en skrywer se mening. Eenvoudige vergelyking. Verduidelik historiese konsepte.** | **Interpreteer en evalueer. Raak betrokke by bevooroordeeldheid, betroubaarheid, bruikbaarheid. Vergelyk en kontrasteer. Interpretasies.** |
| **CAPS** | **30%** | **40%** | **30%** |
| 1.1.1 | 1 | | |
| 1.1.2 | 2 | | |
| 1.1.3 | | 2 | |
| 1.1.4 | | 4 | |
| 1.1.5 | 3 | | |
| 1.2.1 | 1 | | |
| 1.2.2 | 2 | | |
| 1.2.3 | | 2 | |
| 1.2.4 | | | 4 |
| 1.2.5 | 1 | | |
| 1.3.1 | | 2 | |
| 1.3.2 | | 2 | |
| 1.3.3 | 1 | | |
| 1.4.1. | 2 | | |
| 1.4.2. | 3 | | |
| 1.4.3 | | 4 | |
| 1.4.4 | | 4 | |
| 1.5 | | | 2 |
| 1.6 | | | 8 |
| | **32%** | 40% | 28% |
| 2.1.1 | 1 | | |
| 2.1.2 | 1 | | |
| 2.1.3 | 2 | | |
| 2.1.4 | | 2 | |
| 2.1.5 | 3 | | |
| 2.1.6 | | 2 | |
| 2.2.1 | 2 | | |
| 2.2.2 | 2 | | |
| 2.2.3. | | 4 | |
| 2.2.4 | 2 | | |
| 2.2.5 | | | 2 |
| 2.3.1 | | 2 | |
| 2.3.2 | | 2 | |
| 2.4 | | | 4 |
| 2.5.1 | 1 | | |
| 2.5.2 | | 4 | |
| 2.5.3 | 2 | | |
| 2.5.4 | | 4 | |
| 2.6 | | | 8 |
| | **32%** | **40%** | **28%** |
| 3.1.1 | | 2 | |
| 3.1.2 | 1 | | |
| 3.1.3 | 2 | | |
| 3.1.4 | | 4 | |
| 3.2.1 | 4 | | |
| 3.2.2 | | 2 | |
| 3.2.3 | | | |
| 3.2.4 | | 4 | |
| 3.2.5 | | 4 | |
| 3.3.1 | 3 | | |
| 3.3.2 | | 4 | |
| 3.3.3 | | 2 | |
| 3.4 | | | 4 |
| 3.5.1 | 2 | | |
| 3.5.2 | 3 | | |
| 3.5.3 | | | 2 |
| 3.6. | | | 8 |
| | **32%** | **40%** | **28%** |

## AFDELING A

### VRAAG 1: HOE HET PRESIDENT PW BOTHA SE RUBICON-TOESPRAAK DIE OPPOSISIE TEEN DIE APARTHEIDSREGERING IN DIE 1980's VERSTERK?

1.1

1.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – Vlak 1]*

- "Suid-Afrika …" (1x1) (1)

1.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – Vlak 1]*

- "... enige stelsel van <u>horisontale differensiasie</u> wat daarop neerkom dat <u>een nasie of groep in ons land 'n ander of andere oorheers</u>". (1x2) (2)

1.1.3 *[Definieer 'n konsep uit Bron 1A – Vlak 2]*

- Wit Suid-Afrikaners wat Suid-Afrika tydens apartheid regeer het, al was hulle minder as die swartes in getalle
- Enige relevante antwoord

(Enige 1x2) (2)

1.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A – Vlak 2]*

- Suid-Afrika se ekonomie is nie net negatief geraak deur die resessie nie, maar ook deur internasionale sanksies wat toegepas is weens apartheid.
- Die vakbondstakings, boikotte en wegbly-aksies het ook die ekonomie beïnvloed.
- Die geweld in die land het nie buitelandse beleggings gelok nie.
- Botha wou nie met apartheid wegdoen nie.
- Enige relevante antwoord

(Enige 2x2) (4)

1.1.5 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – Vlak 2]*

- "... modernisering van ons arbeidswette".
- "... skepping van 'n Ontwikkelingsbank vir Suid-Afrika".
- "asook Corporation for the Development of Small Business Activities"
- "... samewerking op verskeie maniere deur ministeriële komitees". (3x1) (3)

**(12)**

1.2

1.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – Vlak 1]*

"…'n kliek (groep) geharde rassiste." (1x1) (1)

1.2.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – Vlak 1]*

- "… Botha het juis die idee van die reg van alle Suid-Afrikaners om vir die regering van hul keuse te stem, geminag."
- "… sy vasberadenheid om Nelson Mandela en ander politieke gevangenes in die tronk te hou." (2X1)(2)

1.2.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1B – Vlak 2]*

Baie wit mense sal hul lewens verloor soos die swartes dit al gedoen het.
- Baie eiendom sal vernietig word.
- Botha sal die skuld vir hierdie onvermydelike gevolge moet dra.
- Enige ander relevante antwoord (1x2) (2)

1.2.4 *[Bepaal die beperking van Bron 1B – Vlak 3]*

- Dit is geskryf vanuit die perspektief van die ANC – diskrediteer die Nasionale Party.
- Dit is bevooroordeeld teen die Nasionale Party se besluite, aangesien hulle verklaar het dat die enigste oplossing wat aanvaar word, deur die massas van ons mense is ...
- Die taalgebruik is baie militant – die gewapende stryd moet en sal verskerp word / ons wat slagoffers is.
- Enige relevante antwoord (2x2) (4)

1.2.5 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – Vlak 1]*

- "… Nelson Mandela en ander politieke gevangenes aanvaar voorwaardes wat hulle reeds verwerp het." (1x1) (1)

**(10)**

1.3

1.3.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1C – Vlak 2]*

- Botha word baie geld betaal terwyl die werkers sukkel om 'n bestaansloon deur hul werkgewers betaal te word.
- Enige relevante antwoord (1x2) (2)

1.3.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1C – Vlak 2]*

- Hy gee nie om nie en belowe om geweld teen die werkers te gebruik.
- Enige relevante antwoord (1x2) (2)

1.3.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1C – Vlak 1]*

- "COSATU" (1x1) (1)

**(5)**

1.4

1.4.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1D – Vlak 1]*

- "… die vooruitsig vir vreedsame verandering in Suid-Afrika was 'feitlik nul' …"
- "… die nasie was 'op die rand van 'n katastrofe (ramp)'" (2x1) (2)

1.4.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1D – Vlak 1]*

a) "... in plaas daarvan om groot toegewings aan te bied, het mnr. Botha bloot bestaande beleid herhaal".
"... het net vae wenke uitgelok oor die moontlike verslapping van sommige van die boustene van apartheid". (1x1)(1)

b) "… hulle was teleurgesteld oor die gebrek aan toegewings aan die swart meerderheid deur mnr. Botha".
"... hulle het gesê hy bied die moontlikheid van onderhandelinge as 'n alternatief vir geweld". (1x1) (1)

c) "...Mnr. Botha se toespraak het 'n nuwe verbintenis tot hervorming ingesluit". (1x1) (1)

1.4.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1D – Vlak 2]*

- Om die apartheidsregering te straf vir die handhawing van 'n beleid wat deur die internasionale wêreld veroordeel is
- Die apartheidsregering het die oproep vir die vrylating van politieke gevangenes geïgnoreer.
- Vir die internasionale wêreld om op te hou om 'n onwettige regime in stand te hou
- Enige relevante antwoord (2x2) (4)

1.4.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1D – Vlak 2]*

- Hulle het verwag dat die toespraak oor die beëindiging van apartheid en die vrylating van politieke gevangenes sou handel.
- Hulle het verkies dat opponerende partye ooreenkoms bereik deur onderhandelinge eerder as oorlog.
- Hulle wou hê dat Suid-Afrika 'n demokrasie moes wees.

Enige relevante antwoord Enige (2x2) (4)

**[13]**

1.5 *[Vergelyking van bewyse uit Bron 1B en 1D – Vlak 3]*

- In Bron 1B – mense in die land en in die buiteland wou hê apartheid moet eindig, in Bron 1D was Aartsbiskop Tutu verpletter deur Botha se toespraak.
- Bron 1B – Massas Suid-Afrikaners kon net dit aanvaar wat die Vryheidsmanifes ondersteun, terwyl Bron 1D gesê het Botha het bloot bestaande beleid herhaal.
- Bron 1B sê Botha moet die skuld neem, maar Bron 1D beskou onderhandelinge as 'n alternatief vir geweld.

(1x2) (2)

**(2)**

1.6 *[Interpretasie, analise en sintese van bewyse uit die relevante bronne – Vlak 3]*

Kandidate kan die volgende aspekte in hul antwoord insluit:

- Botha het politieke verandering beloof met die Rubicon-toespraak – wat die teenstanders van apartheid teleurgestel het. (Bron 1A)
- Die regerende party is deur die ANC as ’n groep geharde rassiste gesien (Bron 1B)
- Die ANC het Botha as ’n valse demokraat gesien. (Bron 1B)
- Die ANC was bereid om die gewapende stryd te verskerp en die land onregeerbaar te maak. (Bron 1B)
- Aartsbiskop Tutu het geen vooruitsig op vreedsame verandering na vrede gesien nie / hy was verpletter deur die toespraak. (Bron 1D)
- Aartsbiskop Tutu het gesien dat Suid-Afrika op die rand van ’n katastrofe is. (Bron 1D)
- Hy het die internasionale wêreld aangemoedig om sanksies teen die apartheidsregering te verklaar. (Bron 1D)
- Die Reagan-administrasie was teleurgesteld deur die toespraak. (Bron 1A en 1D)
- Optogte is deur die UDF en internasionaal gereël vir die vrylating van Nelson Mandela. (Eie kennis)
- Chester A Crocker het ’n positiewe uitkyk – die toespraak was ’n “hernude verbintenis tot hervorming”. (Bron 1D)
- Enige relevante antwoord

**Gebruik die volgende rubriek om ’n punt toe te ken:**

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op ’n elementêre wyse bv. **toon geen of min begrip dat president Botha se Rubicon-toespraak teenkanting teen die apartheidsregering verskerp het.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik om ’n paragraaf oor die onderwerp te skryf of kan nie ’n paragraaf oor die onderwerp skryf nie. | **Punte: 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou verband met die onderwerp bv. **toon ’n mate van begrip dat president Botha se Rubicon-toespraak die teenkanting teen die apartheidsregering verskerp het.**<br>• Gebruik bewyse op ’n baie basiese manier om ’n paragraaf te skryf. | **Punte: 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. **wat ’n deeglike begrip toon dat president Botha se Rubicon-toespraak die opposisie teen die apartheidsregering verskerp het.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in ’n georganiseerde paragraaf wat begrip van die onderwerp aandui. | **Punte: 6–8** |

**(8)/**

**TOTAAL VRAAG 1: [50]**

**VRAAG 2: HOE HET DIE GRONDWET VAN DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGS-KOMMISSIE (WVK) DIE WVK GEHELP OM SLAGOFFERS VAN GROWWE MENSEREGTESKENDINGS TYDENS APARTHEID TE HANTEER?**

2.1

2.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – Vlak 1]*

- "… gebore uit die gees van publieke deelname." (1x1) (1)

2.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – Vlak 1]*

- "die Bevordering van Nasionale Eenheid en Versoening Wet 34 van 1995" (1x1) (1)

2.1.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – Vlak 1]*

- "… ondersoek menseregteskendings …",
- "... laat slagoffers toe om hul storie te vertel."
- "… amnestie toestaan,"
- "... konstrueer 'n onpartydige historiese rekord van die verlede,"
- "... opstel van 'n herstelbeleid." (Enige 2x1) (2)

2.1.4 *[Definisie van 'n konsep uit Bron 2A – Vlak 2]* (Enige 1x2) (2)

- Om Suid-Afrikaners ná apartheid bymekaar te bring
- Moedig Suid-Afrikaners aan om die grusame verlede weg te doen en te vergeet en mekaar te vergewe vir die slegte behandeling van die verlede en met hoop die toekoms in te kyk.
- Enige relevante antwoord

2.1.5 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – Vlak 1]*

- "... die Menseregteskendingskomitee ..."
- "... die Herstel-en-rehabilitasiekomitee ..."
- "... die Amnestiekomitee." (3x1) (3)

2.1.6 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2A – Vlak 2]*

- Dit was gedurende hierdie tyd dat die skending van menseregte deur die apartheidsregering gepleeg is. (1x2) (2)

**(11)**

2.2

2.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – Vlak 1]* (Enige 2x1) (2)

- "African National Congress"
- "die Inkatha Freedom Party"
- "… Pan-Africanist Congress …"

2.2.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – Vlak 2]* (Enige 2x1) (2)

- "… marteling"
- "moorde,"
- "verdwynings,"
- "ontvoerings,"
- "Ernstige mishandeling …"

2.2.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2B – Vlak 2]*

- Die bevrydingsbewegings het ook tydens apartheid growwe menseregteskendings gepleeg.
- Hulle kon meer inligting/agtergrond verskaf oor hul betrokkenheid tydens sommige gevalle.
- Sommige van hul lede was slagoffers tydens apartheid.
- Enige relevante antwoord (2x2) (4)

2.2.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – Vlak 1]*

- "… openheid …"
- "... deursigtigheid." (2x1) (2)

2.2.5 *[Nut van Bron 2B – Vlak 3]*

**Die bron is nuttig omdat:**

- Dit is 'n primêre bron / geskryf deur Aartsbiskop Tutu, die voorsitter van die WVK – 'n ooggetuie.
- Die feite is verder nagegaan deur *Encyclopaedia Britannica*, wat 'n betroubare maatskappy is.
- Die bron beklemtoon die aantal slagoffers, diegene wat om amnestie aansoek gedoen het en diegene wat amnestie geweier is.
- Dit beklemtoon die feit dat die bevrydingsbewegings ook voor die WVK verskyn het. (Enige 2x2) (4)

**(14)**

2.3

2.3.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2C – Vlak 2]*

- Individue wat tydens apartheid in Suid-Afrika aan growwe menseregteskendings blootgestel is
- Enige relevante verduideliking (1x2) (2)

2.3.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2C – Vlak 2]*

- Durban, KwaZulu-Natal was een van die gewelddadigste plekke gedurende die 80's en vroeë 90's in Suid-Afrika.

- Dit het gewelddadige aanvalle tussen die ANC en Inkatha-ondersteuners beleef.
- Sake is vererger deur die handelinge van die sogenaamde Derde mag in Natal.
- Enige relevante antwoord (1x2) (2)

2.4 *[Vergelyking van bewyse uit Bron 2B en die visuele bron in Bron 2C – Vlak 3]*

- Bron 2B: Sê dat die WVK 22 000 verklarings van die slagoffers ontvang het / Bron 2C: Toon dat 21 296 slagoffers voor die WVK verskyn het.
- Bron 2B: Fokus nie net op die slagoffers nie, dit verduidelik die amnestieproses en die feit dat die bevrydingsbewegings ook voor die WVK verskyn het. / Bron 2C: Fokus slegs op slagoffers en die statistieke.
- Enige relevante antwoord (1x2) (2)

**(6)**

2.5

2.5.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2D – Vlak 1]*

- "… Thabo Mbeki …" (1x1) (1)

2.5.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2D – Vlak 2]*

- Sommige hoëvlak amptenare van die Nasionale Party het geweier om voor die WVK te verskyn.
- Die Nasionale Party-leiers het nie Suid-Afrikaners om verskoning gevra vir die growwe menseregtevergrype tydens apartheid nie.
- Sommige NP-leiers is vrygespreek van die misdade wat hulle gepleeg het.
- Enige relevante antwoord (2x2) (4)

2.5.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2D – Vlak 1]*

- "… herstel …"
- "… opgrawings …" (2x1) (2)

2.5.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2D – Vlak 2]*

- Die meeste van die oortredings wat deur die ministers gepleeg is, was polities gemotiveerd, daarom is hulle amnestie gegee.
- Hulle het die misdade wat hulle gepleeg het, ten volle openbaar gemaak. (2x2) (4)

**(11)**

2.6 *[Interpretasie, analise en sintese van bewyse uit die relevante bronne – Vlak 3]*

Kandidate kan die volgende aspekte in hul antwoord insluit:

- Die WVK ingestel – Wet 34 van 1995, die Bevordering van Nasionale Eenheid en Versoening. (Bron 2A)
- Die WVK is gevorm deur ’n proses van konsultasie met prokureurs, die godsdienstige gemeenskap en slagoffers. (Bron 2A)
- Die voorsitter was aartsbiskop Desmond Tutu en sy adjunk, Alex Boraine. (Bron 2B)
- Samestelling van die WVK – drie komitees – die Amnestiekomitee, die Skending van Menseregtekomitee en Herstel-en-rehabilitasiekomitee. (Bron 2A)
- Die WVK moes menseregteskendings van 1960 – 1994 ondersoek wat marteling, moorde, ontvoerings en verdwynings ingesluit het. (Bron 2B, 2C)
- Die WVK moes oop en deursigtig wees wanneer die sake hanteer word. (Bron 2B)
- Meer as 20 000 sake is deur die WVK hanteer. (Bron 2B en 2C)
- Oortreders het amnestie ontvang as hulle die waarheid vertel – dit het hulle gemotiveer om na vore te kom. (Eie kennis)
- Sommige slagoffers het herstelwerk, afsluiting en ondersteuning van die WVK gekry. (Bron D)
- Dit het persoonlike waardigheid herstel en was die eerste stap na nasionale eenheid. (Eie kennis)
- Sommige leiers van die Nasionale Party is van die misdade vrygespreek – Magnus Malan. (Bron 2D)
- Ander het geweier om voor die WVK te verskyn – PW Botha. (Eie kennis)
- President Mandela het namens die ANC om verskoning gevra. (Bron 2D)
- Enige relevante antwoord

**Gebruik die volgende rubriek om ’n punt toe te ken:**

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op ’n elementêre wyse bv. toon **geen of min begrip** oor **hoe die grondwet van die WVK gehelp het om die slagoffers van menseregtevergrype tydens apartheid te hanteer.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik om ’n paragraaf oor die onderwerp te skryf, of kan nie ’n paragraaf oor die onderwerp skryf nie. | **Punte: 0–2** |
| **VLAK 2** | Bewyse is meestal relevant en hou in ’n groot mate verband met die onderwerp bv. **toon ’n mate van begrip oor hoe die grondwet van die WVK hom gehelp het om die slagoffers van menseregtevergrype te hanteer**.<br>• Gebruik bewyse op ’n baie basiese manier om ’n paragraaf te skryf | **Punte: 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. **toon ’n deeglike begrip van hoe die grondwet van die WVK hom gehelp het om menseregtevergrype van die verlede te hanteer.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in ’n georganiseerde paragraaf wat ’n begrip van die onderwerp toon. | **Punte: 6–8** |

**(8)**

**TOTAAL VRAAG 2: [50]**

**VRAAG 3: WATTER ROL SPEEL BRICS IN DIE WÊRELDEKONOMIE VAN DIE 21STE EEU?**

3.1

3.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – Vlak 1]*

- "… nadat Suid-Afrika in 2010 by die groep aangesluit het, is die naam na BRICS verander." (1x1) (1)

3.1.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3A – Vlak 2]*

- Die ekonomieë van die wêreld, individuele lande saam beskou as ’n enkele stelsel
- Enige relevante antwoord (1x2) (2)

3.1.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – Vlak 1]*

- "Albei inisiatiewe dra aansienlik by tot die proses om ekonomiese groei te versnel ..."
- "... lei tot sosio-ekonomiese vooruitgang in lidlande ..." (2x1) (2)

3.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3B – Vlak 2]*

- Twee lidlande, Indië en China, is die digste bevolkte lande ter wêreld en voorsien verbruikers aan die wêreldekonomie.
- Die nuwe lidlande, die Verenigde Arabiese Emirate en Saoedi-Arabië is die grootste produsente van olie.
- Suid-Afrika is ryk aan minerale hulpbronne.
- Die BRICS-lidmaatskap dek al die kontinente van die wêreld behalwe Europa. (Enige 2x2) (4)

**(9)**

3.2

3.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – Vlak 1]*

- "Egipte"
- "Ethiopië"
- "Iran"
- "Saudi-Arabië"
- "… die Verenigde Arabiese Emirate …" (2x1) (2)

3.2.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – Vlak 1]*

- "… ná Javier Milei se oorwinning in die presidentsverkiesing in Desember" (1x1) (1)

3.2.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – Vlak 1]*

- "... bevorder samewerking, solidariteit en strategiese magte in die 'globale suide' …"
- "in 'n gees van toewyding tot inklusiewe materialisme …" (2x1) (2)

3.2.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3B – Vlak 2]*

a) Die BRICS-lede word meestal in die suide van die wêreld aangetref. (1x2) (2)
b) Die ekonomies ontwikkelde lande in Europa en Noord-Amerika (1x2) (2)

3.2.5 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3B – Vlak 2]*

- BRICS-lede maak saam ongeveer 46% van die wêreldbevolking uit wat 'n belangrike demografiese ekonomiese gewig dra, in vergelyking met die G7-lande wat 10% van die wêreldbevolking uitmaak.
- Tot op datum het die G7 'n groter deel van die wêreld se BBP, maar teen 2027 sal BRICS se BBP na verwagting toeneem tot 37,6% en G7 s'n sal na 28,2% afneem. (2x2) (4)

**(13)**

3.3

3.3.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3C – Vlak 1]*

- "... monitering van vlakke van CO2- en SO2-vrystellings".
- "water en …"
- "grondbesoedeling, …"
- "... energievoetspore is die produk van vinnige groei." (3x1) (3)

3.3.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3C – Vlak 2]*

- Sedert die inval in Oekraïne word Rusland aan sanksies deur Westerse lande onderwerp.
- Amerikaanse steun vir Taiwan om bande met China te verbreek. (Enige 2x2)
- Handelsmededinging tussen die VSA en China (4)

3.3.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3D – Vlak 2]*

- China en Indië is die lande met die digste bevolkings ter wêreld. (1x2) (2)

3.4 *[Vergelyking van bewyse uit Bronne 3B en 3C – Vlak 3)*

- Bron 3B bied BRICS in ’n positiewe lig aan, en Bron 3C bied BRICS in ’n negatiewe lig aan.
- Bron 3B sê die uitbreiding van BRICS sal lei tot ’n toename in hul BBP om teen 2027 met dié van die G7 mee te ding, maar Bron 3C sê die vinnige ontwikkeling van China, Brasilië en Indië dra by tot omgewings- en hulpbronoorlading in die wêreld.
- Bron 3B sê die uitbreiding van BRICS het sy politieke en ekonomiese impak in die wêreld verhoog, maar Bron 3C sê lede van BRICS word gekonfronteer met geopolitieke spanning.
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2x2) (4)

**(13)**

3.5

3.5.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3D – Vlak 1]*

- “China”
- “Indië” (2x1) (2)

3.5.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3D – Vlak 1]*

a) “Resessie” (1x1) (1)
b) “Stagflasie” (1x1) (1)
c) “Korrupsie” (1x1) (1)

3.5.3 *[Bepaling van die partydigheid van bewyse uit Bron 3D – Vlak 3]*

**Die inligting in die bron is bevooroordeeld omdat:**

- Die bron is waarskynlik deur ’n Indiër geskryf, so hy sal Indië in ’n positiewe lig voorstel.
- Dit dui op ’n goeie en stewige finansiële begroting, maar in werklikheid ervaar Indië die afgelope jare ’n groot finansiële tekort.
- Enige ander relevante antwoord (1x2) (2)

**(7)**

3.6 *[Interpretasie, analise en sintese van bewyse uit die relevante bronne – Vlak 3]*

Kandidate kan die volgende aspekte in hul antwoord insluit:

- BRICS het ’n ekonomiese krag geword sedert Suid-Afrika in 2010 aangesluit het. (Bron 3A)
- BRICS dra by tot die globale ekonomie deur sy gekombineerde bevolking (40%), BBP (Bruto Binnelandse Produk) (20%), gronddekking (30%), handel (18%) en globale valuta ($4 triljoen). (Bron 3A en 3B)
- Lidlande werk met mekaar saam in meer as 30 vakgebiede. (Bron 3A)
- Dit het die vloei van goedere, kapitaal en finansies oor die ekonomieë heen verhoog. (Eie kennis)
- 2014 – Die New Development Bank en die Contingent Reserve Arrangement is geskep. (Bron 3A)
- 2024: BRICS uitgebrei met 5 ander lande – Egipte, Ethiopië, Iran, Saoedi-Arabië en die Verenigde Arabiese Emirate. (Bron 3B)
- Kan in totale BBP met die G7 meeding. (Bron 3B)
- Vinnige groei lei tot die vrystelling van omgewingsgevare – Indië, China en Brasilië. (Bron 3C)
- Ekonomiese invloed van BRICS+, belemmer deur sanksies (Rusland), korrupsie (Suid-Afrika) en stagflasie (Brasilië). (Bron 3D)
- Daar word geglo dat BRICS+ BBP in 2027 meer as die G7-lande sal wees. (Bron 3C)
- (Enige relevante antwoord)

**Gebruik die volgende rubriek om ’n punt toe te ken:**

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op ’n elementêre wyse bv. **toon geen of min begrip vir die rol wat BRICS speel in die globale ekonomie van die 21ste eeu.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik om ’n paragraaf oor die onderwerp te skryf of kan nie ’n paragraaf oor die onderwerp skryf nie. | **Punte: 0−2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou in ’n groot mate verband met die onderwerp bv. **toon ’n mate van begrip van die rol wat BRICS in die globale ekonomie van die 21ste eeu speel.**<br>• Gebruik bewyse op ’n baie basiese manier om ’n paragraaf te skryf. | **Punte: 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. **toon ’n deeglike begrip van die rol wat BRICS in die globale ekonomie van die 21ste eeu speel.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in ’n georganiseerde paragraaf wat ’n begrip van die onderwerp vertoon. | **Punte: 6−8** |

**(8)**

**TOTAAL VRAAG 3: [50]**

# AFDELING B: OPSTEL

## VRAAG 4: BURGERLIKE WEERSTAND IN SUID-AFRIKA IN DIE 1970's EN 1980's.

*[Beplan, konstrueer en bespreek 'n argument gebaseer op bewyse deur analitiese en interpretatiewe vaardighede te gebruik.]*

Steve Biko en die filosofie van Swart Bewussyn (SB) het gedurende die 1970's en 1980's 'n groot rol gespeel om politieke aktivisme en organisasie in Suid-Afrika te laat herleef.
Stem jy saam met die stelling? Ondersteun jou argument met bewyse. Gebruik voorbeelde om jou argument te ondersteun.

### OORSIG

Met die skryf van hierdie opstel moet kandidate saamstem dat Steve Biko en die Black Consciousness Movement 'n groot rol gespeel het in die herlewing van politieke aktivisme en organisasie in Suid-Afrika gedurende die 1970's en 1980's. Kandidate moet hul argument met relevante historiese bewyse staaf.

### HOOFASPEKTE

Kandidate behoort die volgende aspekte in hul antwoord in te sluit:

- Inleiding: Kandidate moet standpunt inneem deur aan te dui tot watter mate Steve Biko en die Swart Bewussyn-filosofie 'n groot rol gespeel het in die herlewing van politieke aktivisme en organisasie in Suid-Afrika gedurende die 1970's en 1980's. Hulle moet ook aandui hoe hulle hul argument sal ondersteun.

### UITBREIDING

- • Politieke vakuum (agtergrondinligting)
  - ➢ Geskep nadat ANC- en PAC-leiers en -partye in die 1960's verbied of gevange geneem is.
- Swart Bewussynsfilosofie
  - ➢ Swart Suid-Afrikaners se selfvertroue aan te wakker om die apartheidstaat uit te daag.
  - ➢ Besiel swart Suid-Afrikaners met gevoel van trots.
  - ➢ Swart Suid-Afrikaners beïnvloed om hulself te aanvaar / selfvertroue / selfstandigheid / sin van identiteit te hê.
  - ➢ Swart Suid-Afrikaners bemagtig om die gees van selfbejammering te verwerp; minderwaardigheidskompleks; selfvervreemding en oorheersing deur eksterne kragte.
  - ➢ Swart Suid-Afrikaners sal ophou om velverligprodukte te gebruik / behou afro-haarstyle.
- Die stigting van politieke organisasies geïnspireer deur wat die SB-filosofie bevorder.
  - ➢ Politieke organisasies te vestig met vasberadenheid om apartheidstaat uit te daag.
  - ➢ Swart studente het hulself begin organiseer om wit oorheersing te weerstaan deur weg te breek van NUSAS en SASO te stig (1968).
  - ➢ Swart studente het die filosofie van Swart Bewussyn aangeneem (rol van Biko/SASO).
  - ➢ SASO was vir universiteitstudente en SASM vir skole.
  - ➢ Swart Bemagtiging (SB) het gelei tot die vorming van die Black People's Convention (BPC) in 1972 wat studente, kerke, gemeenskappe en vakbonde betrek het.
  - ➢ Die South African Students Movement (SASM) is in 1972 gestig en het swart Suid-Afrikaners aan die ideale van SB blootgestel.

- Vakbonde wat in lyn was met die SB-filosofie het Black Parents' Association en Black Allied Workers Union (BAWU) ingesluit.
- SBM en SASO het die VIVA FRELIMO-saamtrekke (1974) georganiseer.
- Die arrestasies van SB-leiers het politieke aktivisme verhoog.

• Studente is geïnspireer en bemagtig met selfgeloof om die apartheidstaat uit te daag deur die Soweto-opstand.
- Bantoe-onderwys het Afrikaans as onderrigmedium in skole ingestel (1975).
- South African Students Movement is in 1972 gestig wat swart Suid-Afrikaners aan die ideale van SB blootgestel het.
- SASO en SASM het die vorming van Soweto Studente Verteenwoordigende Raad (SSRC) beïnvloed.
- Beide swart onderwysers en studente het Afrikaans – as onderrigtaal in skole – verwerp.
- Sommige onderwysers en leerders is reeds deur SASO-studenteonderwysers van universiteite aan die idees van Biko en die SB-filosofie blootgestel.
- Die departementele omsendbrief oor Afrikaans (50/50) was die sneller vir die Soweto-opstand.
- 16 Junie 1976 het studente vreedsaam betoog teen die implementering van die omsendbrief.
- Polisiereaksie op studentebetogings (Hector Petersen, 'n 13-jarige seun was een van die eerste slagoffers van hierdie opstand).
- Studente en leerders het in ballingskap ontvlug.

• Geïnspireerde vestiging van gemeenskapsprogramme: selfstandigheid om swartes te bemagtig.
- Biko se verbanning na King Williams Town het gelei tot verdraaide fokus op gemeenskapsprogramme.
- SB het onafhanklikheid van blankes bevorder deur swart gemeenskapsprogramme om swart Suid-Afrikaners sonder wit bystand te ondersteun. (Zanempilo Health Clinic/Ginsburg Educational Trust / Zimele Trust Fund / Solempilo Community Health Centre / Ithuseng Community Health Program and Winter School Projects).

• Werkers geïnspireer om 'n vakbond te stig en die apartheidstaat uit te daag.
- Werkers gemobiliseer om vakbonde te stig.
- Vakbonde wat in lyn was met die SB-filosofie het Black Allied Workers Union (BAWU) ingesluit.
- SB het die Black Allied Workers Union (BAWU) geïnspireer om die 1973-werkerstakings in Durban te organiseer.

• Swart Suid-Afrikaners bemagtig om hul eie media te hê om die apartheidstaat uit te daag.
- Rol van media wat simpatiek was met die SB-filosofie bv. *The World*-koerant en *Thrust*.

• Enige ander relevante antwoord

**GEVOLGTREKKING**

Kandidate moet hul argument afrond met 'n relevante gevolgtrekking wat by die vraag aansluit. **[50]**

## VRAAG 5: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN OM VREDE TE MAAK MET DIE VERLEDE

*[Beplan en konstrueer ’n oorspronklike argument gebaseer op relevante bewyse deur analitiese en interpretatiewe vaardighede te gebruik.]*

Die proses van onderhandeling vir ’n demokratiese Suid-Afrika was vol geweld en spanninge wat bykans die geboorte van die nuwe Suid-Afrika ontspoor het.
Stem jy saam met hierdie stelling? Gebruik relevante voorbeelde om jou argument te ondersteun.

### OORSIG

Kandidate moet hul argument verduidelik en met bewyse ondersteun.
Kandidate moet standpunt inneem deur te verduidelik tot watter mate die verskillende politieke organisasies suksesvol was om die struikelblokke te oorkom waarmee Suid-Afrika op die pad na demokrasie in die vroeë 1990’s gekonfronteer is. Kandidate moet relevante historiese bewyse gebruik om hul argument te ondersteun.

### HOOFASPEKTE

Kandidate kan die volgende aspekte in hul opstelle insluit:
- Inleiding: Kandidate moet ’n argument volg deur te verduidelik tot watter mate die verskillende politieke organisasies suksesvol was om die struikelblokke te oorkom waarmee Suid-Afrika op die pad na demokrasie in die vroeë 1990’s gekonfronteer is. Kandidate moet aandui hoe hulle hul argument sal ondersteun.

### UITBREIDING

- **FW de Klerk het Nelson Mandela en ander verbode politieke leiers in 1990 vrygelaat. Die ontbanning van die ANC, die PAC en ander verbode organisasies was die begin van ’n verbintenis tot onderhandelinge.**
- In Maart 1990 het die polisie 11 betogers in Sebokeng doodgeskiet – in protes **het Mandela die eerste rondte samesprekings uitgestel.**
- Groote Schuur-minuut, 2 Mei 1990 – **NP het ingestem om ’n klimaat vir onderhandelinge te skep. ANC was nog nie bereid om gewapende stryd te beëindig nie.**
- **Die regering het onderdrukkende wette verwyder en die noodtoestand opgehef.**
- ANC het Operasie Vula voortgesit. Die polisie het van die topleiers van Operasie Vula gearresteer, maar hulle is uiteindelik vrygelaat. ANC sal nie instem om te ontwapen terwyl die regering gewapende magte gebruik nie. (Sebokeng)
- Pretoria-minuut in Augustus 1990 – **NP waarborg vrywaring van terugkerende ballinge en ANC-geskorstes in gewapende stryd.**
- Opbou van geweld in KwaZulu-Natal en die Vaaldriehoek – vermoedelik Derde Mag – die regering het die Goldstone-kommissie op die been gebring om ondersoek in te stel.
- KODESA 1 – 19 politieke partye uitgesonder AZAPO, CP en PAC / 300 afgevaardigdes.
- **Mandela en De Klerk kon nie ooreenkom** oor magsdeling en grondwetgewende vergadering nie – vergadering beëindig. **Die Verklaring van Voorneme** is onderteken om Suid-Afrika te verenig.
- Slegs blankes-referendum (Maart 1992) – De Klerk het wit steun vir onderhandelinge getoets – Uitslag: grondverskuiwende Ja – onderhandelinge het voortgegaan.
- KODESA 2 (2 Mei 1992) – het nie geslaag nie as gevolg van geweld en onvermoë van partye om oor magsdeling ooreen te kom.

© SACAI KOPIEREG

- Boipatong-slagting (17 Junie 1992) het **onderhandelingsproses bedreig.** Die ANC het ’n veldtog van “rollende massa-aksie” van stapel gestuur.
- Bisho-slagting (September 1992) het die onderhandelingsproses amper ontspoor.
- Suid-Afrika is steeds geteister deur geweld en ’n groeiende ekonomiese krisis.
- Ironies genoeg het geweld die hand van gematigdes aan beide kante versterk – spitsvergadering.
- **Rekord van Verstandhouding (September 1992) – Meyer en Ramaphosa het hulle tot vrede en tot onderhandelinge verbind.**
- Meyer en Ramaphosa het ooreengekom oor **Joe Slovo se Sunset-klousule.**
- Veelparty-onderhandelinge is by die Wêreldhandelsentrum (World Trade Centre) hervat, maar **Inkatha, die Konserwatiewe Party, Ciskei en Bophuthatswana het onttrek.**
- Die AWB het die onderhandelinge onderbreek toe hulle die Wêreldhandelsentrum (World Trade Centre) met gepantserde voertuig bestorm het.
- **Sluipmoord op Chris Hani** (10 April 1993) – het veroorsaak dat die uitbreek van volskaalse rasseoorlog (burgeroorlog) gevrees is. **Mandela adresseer en kalmeer nasie op TV.**
- Hoofonderhandelaars het voortgegaan met ’n sterker gevoel van dringendheid: daar is ooreengekom dat 27 April die datum vir demokratiese verkiesings sou wees.
- **Voortgesette geweld:** regdeur PAC-aanval op St. James’ Church, Heidelberg Tavern, Kaapstad, Amy Biehl-moord. Bophuthatswana-skietery, Shell House-slagting, bomme wat deur verregses in Johannesburg geplant is.
- Op 27–29 April 1994 is verkiesings gehou. ANC het gewen – Mandela het die eerste swart staatspresident van die nuwe demokratiese Republiek van Suid-Afrika geword.
- Enige ander relevante antwoord

**GEVOLGTREKKING**

Kandidate moet hul argument met ’n relevante gevolgtrekking afrond. **[50]**

## VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN ’N NUWE WERELDORDE

*[Beplan en konstrueer ’n oorspronklike argument gebaseer op relevante bewyse deur analitiese en interpretatiewe vaardighede te gebruik.]*

Gorbatsjof se hervormings wat tot die ineenstorting van die Sowjetunie in 1989 gelei het, was grootliks verantwoordelik vir die politieke veranderinge wat ná 1989 in Suid-Afrika plaasgevind het.
Stem jy saam met die stelling? Motiveer jou antwoord met relevante gebeure wat in Suid-Afrika plaasgevind het rondom 1989.

**OORSIG**
In die skryf van hierdie opstel moet die kandidaat saamstem of nie saamstem nie, dat die politieke veranderinge in die Sowjetunie tot politieke veranderinge in Suid-Afrika gelei het. Kandidate moet hul argument met relevante historiese bewyse staaf.

**HOOFASPEKTE**
- Inleiding: Kandidate moet argumenteer deur te verduidelik in watter mate Gorbatsjof se hervormings in die Sowjetunie wat tot die ineenstorting van die Sowjetunie in 1989 gelei het, grootliks verantwoordelik was vir die politieke veranderinge wat ná 1989 in Suid-Afrika plaasgevind het. Hulle moet aandui hoe hulle hul argument sal ondersteun.

**UITBREIDING**
**SOWJETUNIE:**
- Agtergrond: In 1985 het Gorbatsjof – die nuwe president van die USSR – ekonomiese en sosiale probleme geërf. Die “bevel-ekonomie” was nie doeltreffend nie; verbruikersgoedere was skaars; korrupsie vier hoogty – menige mense het opgehou om in kommunisme te glo.
- Die USSR het probleme op die internasionale front beleef, byvoorbeeld hulle kon nie nuwe hoëtegnologie-wapens (“Star Wars”) bekostig nie en kon nie meer betrokkenheid by ander lande bekostig nie.
- Hy was nie ’n bittereinder nie, en het gehoop om die Sowjetunie se ekonomie te laat herleef deur beide nywerheidsuitset en tegnologie te verbeter, asook om sy markte uit te brei
- Hy het ’n groot risiko geloop om politieke verandering te bewerkstellig, veral vir die Sowjetunie, bekend vir sy geharde Kommunistiese houding.
- Hy wou die Sowjetunie uit ’n swak ekonomiese stelsel haal – weens ruimte- en wapenwedloop met die VSA.
- Gorbatsjof het “**Perestroika” (ekonomiese herstrukturering)** en **“Glasnost” (openheid in die regering en meer vryheid van spraak)** van stapel gestuur**.**
- Glasnost het gelei tot kritiek op die beleid van Perestroika en Gorbatsjof self.
- Menige geharde kommuniste was ontevrede met beleid wat ongewild geraak het.
- By die huis het hy twee soorte teenstanders gehad: bittereinders wat gekant was teen die hervormings, en liberale wat hom gekritiseer het omdat hy nie vinnig genoeg beweeg het nie.
- Die twee beleide het mekaar nie soos vermoed ondersteun nie, maar het die Sowjetunie algeheel beëindig.
- Gorbatsjof het aangekondig dat ander politieke partye as die Kommunistiese Party van die Sowjetunie gevorm kan word en vrye verkiesings vir ’n nuwe parlement gehou kan word.
- **Demokratiseer/demokratisering** deur Gorbatsjof.

- Mense in Oos-Europa het die Sowjet met belangstelling dopgehou.
- Menige onderliggende verskille het tussen die 15 republieke bestaan.
- Burgerlike onrus het tussen verskeie groepe uitgebreek.
- Ou vorm van Nasionalisme het na vore gekom en het gelei tot nuwe eis vir onafhanklikheid.
- Hy het probeer om die disintegrasie te keer deur die stigting van ’n Federasie van State voor te stel – wat misluk het.
- In 1990 het verskeie Sowjetstate, insluitend Rusland, onder Gorbatsjof se bitter mededinger, Boris Yeltsin, hul onafhanklikheid verklaar.
- Elkeen van die 15 republieke het onafhanklik geword en lede van die Statebond van Onafhanklike state geword.
- Op 25 Des 1991 is die USSR, sowel as die Kommunistiese Party ontbind.
- Gorbatsjof se hervormings het gelei tot **regeringshervormings in vele Sowjetstate in Europa en ook in ander lande soos Suid-Afrika.**

**SUID-AFRIKA:**

- Die apartheidsregime kon nie meer kommunisme gebruik om sy beleid in terme van die totale aanslag, en rassesegregasie te regverdig nie.
- Die VSA en sy bondgenote kon nie meer voortgaan om die apartheidsregime te ondersteun nie.
- Die ineenstorting van die USSR het ook die ANC beïnvloed om sy standpunt van sosialisme na kapitalisme te verander.
- Die ANC het ekonomiese en ideologiese uitdagings ervaar – geen steun meer van die Sowjetunie nie.
- Die ineenstorting van die Sowjetunie het druk op beide die Nasionale Party en die ANC geplaas om met onderhandelinge te begin.
- Die Slag van Cuito Cuanavale het die Nasionale Party aangespoor om met kommuniste te begin onderhandel oor die onafhanklikheid van Namibië, het dit vir hulle makliker gemaak om met die ANC te praat.
- Suid-Afrika het aan Suidwes-Afrika onttrek – SWAPO het die verkiesing gewen (1990) en dit herdoop na Namibië.
- Hierdie vreedsame oorgang van wit minderheidsregering na swart meerderheidsheerskappy in Namibië het gedien as ’n bloudruk vir SA om dieselfde te doen (bydraende faktor).
- Die Sowjetunie kon nie meer die ANC finansieel ondersteun nie aangesien dit bankrot was, en dit vreedsame onderhandelinge bevoordeel het.
- Die ANC was nie in staat om die gewapende stryd teen die NP voort te sit sonder hierdie militêre en finansiële steun nie.
- Die Westerse wêreld het die stap ondersteun dat Suid-Afrika sy probleme vreedsaam en demokraties moet oplos.
- Die Suid-Afrikaanse regering kon nie meer die bedreiging van kommunisme gebruik om Westerse steun te genereer nie.
- Dit het duidelik geword dat die Nasionale Party-regering nie wit oppergesag vir ’n onbepaalde tyd kan handhaaf nie. (Ekonomiese krisis en geweld het toegeneem / interne onrus.)
- FW de Klerk het begin aanvaar dat die swart stryd teen apartheid nie ’n sameswering was wat vanuit Moskou gerig is nie.
- Die ANC het nou ook bereidwilligheid getoon om met die NP te onderhandel as alternatief vir die gewapende stryd.
- FW de Klerk het begin aanvaar dat die swart stryd teen apartheid nie ’n sameswering was wat vanuit Moskou gerig is nie.
- Dit het De Klerk in staat gestel om met die bevrydingsorganisasies in gesprek te tree om

’n blywende oplossing vir Suid-Afrika te vind.
- Op 2 Februarie 1990 het De Klerk die ontbanning van alle anti-apartheidsorganisasies aangekondig, wat die weg gebaan het vir samesprekings.
- As gevolg van onderhandelinge: eerste werklike demokratiese verkiesings in 1994 – Mandela word president.
- Enige ander relevante antwoord

**GEVOLGTREKKING**

Kandidate moet hul argument met ’n relevante argument afrond. **[50]**

## GROOTTOTAAL: [150]

© SACAI KOPIEREG